DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Vat Vyf !!!

Inpaklysies vir jou Venterskroon avontuur:

Handig in tydens registrasie:

- Ons benodig 2draad en/of chunky **wol** ten einde ons **gemeenskapsprojek** vir 2019 van stapel te stuur. Elke kind kan asb vir ons wol bring soos beskikbaar. Gedurende die jaar en tydens die kamp brei ons musse en serpe vir hulpbehoewendes.
- 1 **pakkie koekies** met vulsel.

Algemene inligting:

- Gaan "**Like"** ons **Gesigbakkies (Facebook)** bladsy – "Die Voortrekkers – Venterskroon P/D kamp"
  Ons gaan probeer om tydens kamp, daagliks, enkele fotos op te sit.
- "Wow, die kamp wil ek onthou!" geskenke (opsioneel): Geborduurde Venterskroonkamp lapwapen @ R20 en plastiese koffiebeker met Venterskroon kampwapen (deel van webblad inskrywing) @ R40 sal te koop wees op die kamp.
- **Snoepie**
  Daar sal geen snoepie kiosk op die kamp beskikbaar wees nie.
  Daar word daagliks 3 gebalanseerde maaltye sowel as vrugte, koue koeldrank/sap/ystee en snoepie eetgoed tussen-in voorsien. Snoepiegeld is dus ingesluit by kampgeld.
- Ek wil 'n beroep doen op elke ouer om asseblief ekstra aankope van eetgoed vir u kinders **tot 'n minimum te beperk**. Die ekstra suiker en kleurstowwe het 'n uiters negatiewe invloed op kinders se gedrag.
- Ons wil graag voorraad **rugsakke / staprugsakke** opbou vir kamp om beskikbaar te stel vir kinders wat moet gaan stap/uitslaap en nie so iets het nie. Indien u 'n sak/sakke het wat in die huis rondlê wat u wil wegmaak kan u dit saamstuur asb.

Alegemene kampbenodighede:

ALLE ITEMS MOET DUIDELIK GEMERK WEES.

- **Voortrekkerdrag:** Aktiewe drag (denimlangbroek (sonder 'skeure" en versierings) met Voortrekkerhemp)
- **Draklere vir die duur van die kamp:** Weer is baie wisselvallig. Sorg asb. vir warm klere in geval van koue.
- **Gemaklike stapskoene:** Sandale is nie geskik vir die veld nie.
- **Swemklere en handdoek**
- **Slaapklere:** Sweetpak is geskik.
- **Toiletbenodighede:** Waslap, seep, tandeborsel, tandepasta, ens.
- **Sonbrandmiddel**
- **Lip-ice**
- **Insekweerder**

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Vat Vyf !!!

- **Eie beddegoed:** Slaapsak, kussing, kombers
- **Eetgerei in bordesakkie:** Mes, vurk, lepel, beker, papbakkie en afdroogdoek. (Papierbord en stewige onderbord word deur kamp tydens elke ete voorsien.)
- **'n Lekker gees**
- **Gr 3 – 6:** Eie tente. Spoorsny kamp in tente apart van die res van die kamp en kan dus nie tente deel met ander kursusgroepe nie
- **Spesiale medisyne / Kroniese medikasie : Handig tydens registrasie in by noodhulp.**

  Bv. vir asma, allergieë ens.

Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies of beskadiging van iPods, selfone (uitgesluit lede wat kommunikasie kursus doen) en ander elektriese / elektroniese media nie so LOS DIT SOMMER BY DIE HUIS

Spesialisasie benodigdhede vir kamp:

- **Junior Kok:** Kursusleier: Anika en Gary Hendry
  - Pennesakkie met inkleurpotlode
  - Rugsakkie
  - Waterbottel
  - Klein kosblikkie
  - Swartsak
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap

- **Dierewaarneming:** Kursusleier: Dawie De Villiers
  - Sonbrandmiddel
  - Ou klere om mee te verf
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap
  - Indien jy ‘n insekhokkie het bring dit saam
  - Waterbottel
  - Klein rugsak
  - Leë 2L roomysbak
  - Inkleurpotlode en skêr
  - Koplamp

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Vat Vyf !!!

- **Veldkook:** Kursusleier: Anita Keyser
  - Braaitang
  - Houtlepel
  - Klein plastiek mengbakkie
  - 2 Leë kondensmelk blikkies
  - 2 Wit kerse
  - Skêr
  - 4 Prentjies van kos
  - 10 Bladsy “Flip file”
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap.

- **Toeka:** Kursusleier: Engelie Botha
  - Ou klere of voorskoot vir verfwerk
  - 50cm of langer Besemstok
  - 50cm of langer dunner stokkie (Delf-stok)
  - 1 leë kondensmelkblikkie of ingemaakte groente- of vrugte blikkie

- **Spoorkennis:** Kursusleier: Elize Latimer
  - Waterbottel
  - 1 Leë 2liter roomysbak
  - Klein rugsakkie
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap.
  - Notaboekie, pen en 15 cm liniaal
  - Sonbrandmiddel
  - Ou klere of Kamoefleerdrag/Browns (moenie spesiaal koop nie)

- **Gasheer/Gasvrou:** Kursusleier: Petra van Wyk
  - Hope entoesiasme
  - Pennesakkie (Potlood, pen,sker, gom en skerpmaker)
  - Inkleurpotlode/vetkryte
  - Enigiets om ‘n kaartjie mee te versier (bv. Blinkertjies, blinkergom, afvalstukkies lap of kant, ensovoorts)
  - 1 pakkie lekkergoed (bv. Jelly Tots, Smarties, ensovoorts)
  - Ekstra mes om koekies te versier
  - Roomysbak om versiersuiker en kleursel te meng

- **Plantekennis:** Kursusleier: Estelle Erasmus
  - Ou tydskrifte met prente van bome en blomme in (Moenie spesiaal koop nie)
  - Eie skryfgereedskap (penne, skêr, potlood, uitveër en inkleurpotlode)
  - Gom (Bostik clear: **nie pritt nie)**
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap.
  - Hoed en sonbrandmiddel
  - Waterbottel
  - 2 Leë groente/vrugte blikkies (440gr)

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Vat Vyf !!!

- **Touwerk:** Kursusleier: Tarina van der Merwe
  - 2m Katoen of katoenmengsel tou (5mm of 8mm dik) – **nie nylon/ski-tou of dun katoen tou wat vir pakkies gebruik word nie.** Dit moet asb. nie beset wees nie!
  - Waterbottel
  - Iets om op te sit gedurende kursus(Stoeltjie/matjie)

- **Vasbyt:** Kursusleier: Liana Grŭnewald en Marinda Venter
  - Springtou
  - Tekkies/stapskoene voldoende vir 5km stap, bergklim,draf en hardloop
  - Rugsakkie
  - Twee waterbottels een vir water en een vir energiedrankie (kamp verskaf Energade)
  - Twee energie stafies vir die stap en bergklim (verkieslik PVM energy bars)
  - Sonbrandmiddel (40+ beskerming)
  - Entoesiasme, gees en Energie!! (Offisiere ook)

- **Boeresport:** Kursusleier: Peter Smith
  - Rugsakkie met waterbottel
  - Tekkies
  - Notaboek en potlood
  - Gekleurde koukies
  - Swemklere / ou klere vir kleilatgooi
  - Sonbrandmiddel ‘n MOET

- **Spoorsny:** Kursusleier: Leon Croukamp

  Groep slaap apart van ander kampers en kan dus nie tent met maats uit ander kursus deel nie.
  - Klein rugsakkie
  - Kamoefleerdrag/Browns (moenie spesiaal koop nie, geen militere drag wat huidiglik deur ons Nasionale magte gedra word mag op kampe gedra word nie)
  - Ou stel klere (Wat kan weggegooi mag word indien nodig)
  - Papier, pen en liniaal (kort liniaal)
  - 2 X Leë botterbakkies
  - Waterbottel
  - Leë 2liter roomysbak
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap.

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Vat Vyf !!!

- **Kommunikasie:** Kursusleier: Gerrit van Zyl
  - Notaboek/Skryfblok
  - 8 gig of groter geheue stokkie
  - Pen en Potlood
  - Selfoon met ingeboude kamera
  - Bring ouers se e-pos adres saam.

- **Weerkennis:** Kursusleier: Jaco Cronje
  - Waterbottel
  - Klein rugsakkie
  - Gemaklike stapskoene om in die veld te stap.
  - Swartsak
  - Penne sakkie
  - 1 x A4 gekleurde karton/papier om kaartjie mee te maak
  - 1 x 2 liter plastiese bottel
  - Notaboekie en pen

- **Sterrekunde:** Kursusleier: Gerhard Gericke
  - “Drop sheet”: (By hardeware winkel 3m x 3m)
  - 4 meter tou 5mm dik
  - Prente oor die ruimte
  - Waterbottel
  - Notaboekie en pen

- **Avontuur:** Kursusleier: Francois Coreejes
  - Geen moulose hemde. (Spaghetti tops)
  - Kortbroeke mag verkieslik nie korter as knielengte wees nie.
  - Swemklere moet geskik wees vir rivierswem
  - Blikbeker word voorsien deur kamp
    Ander benodighede:
  - Seil om skuiling mee kan te bou, en berg toe te kan vat. (GEEN TENTE)
  - 10 meter Tou (Nylon 3mm of 5mm sal reg wees) om skuiling mee vas te maak
  - 5 Swartsakke
  - 1 Rolletjie toiletpapier
  - Reënjas
  - Flits/koplig (+Spaar batterye)
  - Karrimore sak – Plastiek tipe of soortgelyke iets om bagasie in te sit as dit reen en ook om in te kan slaap op die berg. Dit dien ook as grondseil. Kan dit by Cape union mart kry. (NIE VERPLIGTEND, net ‘n voorstel)
  - Warm klere vir koue aande
  - 2 x 2 liter leë koeldrank bottels , dit is vir drinkwater wat jy saam berg toe moet dra.

DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL

VENTERSKROON GEBIEDSKAMP

Vat Vyf !!!

- 1 x leë 2 liter roomys bak, - om jou kos in te pak wat jy self opdra berg toe.
- Let asb dat jou rugsak(stapsak), wat jy berg-op dra die volgende goed moet kan vat: Slaapsak, Grondseil, Reenjas of seil teen reën, waterbottel met water en 2x 2liter bottels vol water, 2liter roomys bak met jou kos in, flits, warm broek en baadjie,
- GEEN ekstra klere hoef saam te gaan berg toe nie, ons slaap net een aand op die berg. Dus moet jou bagasie met die res van jou klere in die kamp kan agterbly in ‘n aparte sak.
- 1 Kettie – Ons gaan verfbal speel so bring ‘n kettie saam waarmee jy gemaklik gaan wees. As jou kettie se rek breek, gaan jou genot gou eindig, so bring ekstra rek en velletjie saam sodat jy gou jou kettie kan regmaak om verder te kan speel. Moet asseblief nie met ‘n kanon kom nie. Ons voorsien ‘goggles’, maar as jy het, bring dit asseblief saam.
- Sonbrandmiddel
- Muskiet/insek afweermiddel
- MERK ALLES DUIDELIK
- Die volgende is baie belangrik – POSITIEWE VOORTREKKERGEES
- Gemaklike stapskoene: GEEN PLAKKIES NIE, dit is nie geskik vir die veld of bergklim nie.
- Alle medikasie: bv. vir asma, bysteek ens. moet by ons kursus se mediese offisier ingehandig word en nie by die hoofkamp se noodhulp nie.

TELEFOONNOMMER IN GEVAL VAN NOOD

Skakel Louis: 083 308 1757 of Annemie: 082 494 8305.

Aangesien die kamp nie oor 'n telefoon beskik nie en die opvangs vir selfone redelik beperk is, kan die Polisiestasie te Buffelshoek geskakel word by 056 818 1601/2 indien daar 'n noodgeval is en u ons nie in die hande kry nie.

Venterskroongroete

Annemie Hall
(Kampleier)